

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 04 Apr 2017
Page: 16

AVE: 53145.31
Circulation: 41682
Part: 1 of 1

# Tuks, Maties swoeg op pad na eindstryd

**Cobus Claassen**

Net soos in 2012 en 2013 is dit weer Tuks teen Maties in die eindstryd van die Varsitybekerreeks, maar sjoe, dit was nie maklik nie.

Tuks het Shimlas gisteraand in die een halfeindstryd in Pretoria met 28-21 getroef en Maties het die Universiteit van Johannesburg in Stellenbosch met 22-14 geklop.

Dit gaan 'n spesiale poging verg om die Varsitybeker in Pretoria te kom haal. Maar dit kan gedoen word.

Shimlas het dit in die Tuksstadion duidelik gemaak toe die Tukkies moes raap en skraap.

Daar is vroeër gisteraand 'n ligte aardskudding in die Jakarandastad gevoel en die Shimlas het so byna die naskok kom lewer.

Wat die telling nie aandui nie, is dat die tuisspan sweerlik meer as derde rat nodig gehad het om aan die begin die Bloemfonteiners te laat swoeg.

Ná rustyd was dit 'n heel ander storie met die Shimlas wat al meer oorheers het en die tuisspan se voorsprong van 23-0 op 'n kol na 23-21 laat krimp het.

Met die afronding wat aan weerskante nie te waffers was nie, was die spanne steeds kop-aan-kop toe die pylvak ingegaan is.

Corniel Els, die Tuks se haker, se drie in die 72ste minuut het eindelik die deurslag gegee.

Tinus de Beer, die Tukkies se losskakel, het albei die sneller Sibahle Maxwane se drieë in die eerste helfte aangevoer.

De Beer is vlymskerp deur 'n gaping vir die eerste en 'n ruk later het die Tuks-heelagter, Divan Rossouw, 'n hangskoppie van De Beer bemeester en Maxwane weggestuur vir 'n sewepunt-drie.

Te oordeel aan die goeie skoot drama wat gewoonlik in die kompetisie in eindstryd afspeel, is die tafel gedek vir 'n riller in die hoofstad op 17 April.

■ **Puntemakers:**
**Tukkies 28 (23) Drieë**: Sibahle Maxwane (5, 7), André Warner (5), Corniel Els (5). **Doelskoppe:** Tinus de Beer (6).
**Shimlas 21 (9) Drieë:** Phumzile Maqondwana (5), Hannes Snyman (5), Neil Claassen (5). **Doelskoppe:** Marco Mason (6).

**Stephen Nell** berig dat Maties in gisteraand se eerste halfeindstryd teen die Universiteit van Johannesburg selde meer as louwarm was, maar hul vermoë om druk te verwerk, het hulle deurgedra.

'n Wentelling van 22-14 vertel nie vir jou hoe naby die UJ-rugbyspan gekom het om die wedstryd in die doodsnikke te wen nie. Hy het byna 'n "sewe-puntdrie" gedruk wat met 'n doelskop genoeg sou wees, maar is vlak voor die Maties se doellyn gestraf.

Die Maties het verdien om te wen, maar dit kon maklik 'n ander storie gewees het as die Johannesburgers hul kanse benut het.

Ewan Adams, die UJ-heelagter, het vroeg in die wedstryd die bal aangeslaan sonder 'n verdediger tussen hom en die doellyn, terwyl 8 punte in skoppe pale toe verbrou is.

Teen die einde van die eerste helfte het die Maties 'n greep op die wedstryd gekry en hulle het hul oorheersing in die tweede helfte voortgesit todat UJ na aan 'n sege gekom het.

■ **Puntemakers: Maties 22 (15): Drieë:** Kyle Steyn (7), Craig Barry (5). **Doelskoppe:** Ernst Stapelberg (4). **Strafdoele:** Stapelberg (6). **UJ 14 (9): Drie:** Ronald Brown (5). **Strafdoele:** Divan Nel (2). **Skepdoel:** Nel.



**Speler van die Wedstryd! Tinus de Beer, losskakel van Tuks, op die aanval in gisteraand se halfeindstryd van die Varsitybeker-reeks teen Shimlas. Tuks het met 28-21.** Foto: GALLO IMAGES

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.